Preek

Sondag 31 Julie 2011, Ds Freddie Schoeman

Reekstema: Hoe om op God te vertou

Vandag: Hoe om op God te vertrou te midde van probleme

Skriflesing: 2 Korintiërs 4:7-11; 16-18

Paulus het geweet van swaarkry en probleme. Hy gee in 2 Korintiërs 11 'n hele lys daarvan:

Ek het harder gewerk, ek was meer in die tronk, ek is meer dikwels geslaan, ek was dikwels in doodsgevaar. [24]Vyf maal het ek van die Jode die gebruiklike straf van nege en dertig houe gekry, [25]drie maal het ek lyfstraf gekry, en een maal is ek met klippe gegooi. Drie maal het ek skipbreuk gely en een maal het ek 'n dag en 'n nag in die oop see deurgebring.

[26]Ek was dikwels op reis en in gevaar: daar was gevare van riviere, gevare van rowers, gevare van my volksgenote en gevare van heidene; gevare in die stad en gevare in die veld; gevare op see en gevare onder vals broers. [27]Daar was vir my harde werk en swaarkry, dikwels nagte sonder slaap, dikwels honger en dors; en dikwels was ek sonder kos, sonder skuiling of bedekking teen die koue.

En jy het gedink jy het probleme! As daar iemand is wat maar kan praat oor vertroue te midde van swaarkry en probleme, dan is dit Paulus. Hoe het Paulus dit reggekry om staande te bly? Hoe het Paulus dit reggekry om aan te hou om op die Here te vertrou? Enige iemand sou lankal God verloën het en tou opgegooi het.

Hoe het Paulus staande gebly? In die heel eerste plek het Paulus erken dat sy krag van God af kom.

2 Korintiërs 4:7

[7]Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie.
[8]In alles word ons verdruk,
maar ons is nie teneergedruk nie;
ons is oor raad verleë,
maar nie radeloos nie;
[9]ons word vervolg,
maar nie deur God verlaat nie,
op die grond neergegooi,
maar nie vernietig nie.
[10]Die sterwe van Jesus

dra ons altyd saam in ons liggaam,
sodat ook die lewe van Jesus
sigbaar kan word in ons liggaam.
[11]Voortdurend word ons wat lewe, ter wille van Jesus uitgelewer aan die dood,
sodat ook in ons sterflike bestaan die lewe van Jesus sigbaar kan word.

"Skat" = die boodskap van die evangelie (vgl. voorafgaande verse). Die "ons" waarna Paulus verwys is sy mede-evangeliste, diegene wat die boodskap van die evangelie versprei. Die swaarkry waarna hy verwys is die swaarkry van diegene wat die evangelie-boodskap verkondig. Dit kan egter ook van toepassing gemaak word op almal wat die "skat" ontvang, die hoorders van die evangelie wat uiteindelik gelowiges word.

Gelowiges het 'n ander perspektief op die lewe as diegene wat nie gelowiges is nie. Ons geloof stel ons in staat om 'n op ander manier na die lewe te kyk as wat iemand wat nie geloof het daarna sou kyk. Ongelowiges sien sekere goed net nie raak nie. Hulle geloofsoog is blind. Omdat hulle dit nie sien nie, sê hulle, bestaan dit nie. Hulle verraai hulle gebrek aan in*sig*!

Paulus help ons in hierdie gedeelte om hierdie ander perspektief, die perspektief van geloof te verstaan. Hierdie perspektief van Paulus word verder duidelik in vers 16-18 van hoofstuk 4:

[16]Om hierdie rede word ons nie moedeloos nie. Al is ons uiterlik besig om te vergaan, innerlik word ons van dag tot dag vernuwe. [17]Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op 'n heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly. [18]Ons oog is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.

Paulus maak 'n onderskeid tussen die uiterlike en die innerlike, die tydelike en die ewige, die sigbare en die onsigbare. As ons wil verstaan hoe om op God te vertrou te midde van swaarkry en probleme, dan moet ons ook hierdie onderskeid tref. Paulus beklemtoon hier dat alles afhang van hoe ons na dinge *kyk*. Paulus sê: ons "oog" is gerig op die onsigbare.

As ons te midde van swaarkry en probleme op God wil vertrou – dan moet ons ons oë rig op die innerlike (nie net die uiterlike nie), op die ewige (nie net die tydelike nie), op die onsigbare (nie net op die sigbare dinge nie).

Wanneer ons dit doen, dan sal ons dieselfde gevolgtrekking maak wat Paulus maak: *ons swaarkry in hierdie die lewe is maar gering en gaan verby* ... . Paulus verwys na sy swaarkry as "gering"! Wat! Om skipbreuk te ly, is gering! Om lyfstraf keer op keer te kry, is gering! Om met klippe gegooi te word, is gering! Om honger en dors te ly, sonder beskutting te wees, om nagte sonder slaap deur te bring, is gering!

Paulus kon dit as gering beskou, want hy het die regte perspektief gehad. Hy het sy oë gerig op die onsigbare, die innerlike, die ewige.

Wat is die innerlike, onsigbare, en ewige?

Ons kan die beeld van 'n mooi blomtuin gebruik, of iemand wat byvoorbeeld clivias week, soos Herman Meier. Om 'n besondere soort clivia te kweek, gebeur nie oornag nie. Dis jare se harde werk. Dit begin alles by 'n saad. Wanneer 'n mense na 'n clivia saad kyk, is dit niks besonders nie. As jy nie weet dat dit uiteindelik 'n wonderlike mooi blom kan word nie – sal jy dit waarskynlik weggooi. Maar as jy daardie saak mooi hanteer, dit afdop, skoonmaak, op die regter manier plant, dan ontkiem dit – en dan begin nuwe lewe. Die saad vergaan, maar dit is in 'n seker sin net die uiterlike. Binne in die saad, wat jy nie kan sien nie, is daar iets moois opgesluit. Daar is lewe in daardie saad.

Swaarkry en probleme kan met so 'n saad vergelyk word. As jy nie weet dat dit 'n saad is nie, sal jy daarvan ontslae wil raak, is dit vir jou nutteloos, sonder sin en betekenis. Maar as jy weet wat daaruit kan voortspruit, dan sal jy anders daarna kyk. Jy sal dit mooi wil hanteer sodat die potensiaal wat daar in daardie saad lê kan uitkom, sodat dit uiteindelik 'n mooi blom kan word.

Wat is jou probleem? Gesondheidsprobleme? Daar is lewe in daardie saad! Finansiële probleme? Daar is lewe in daardie saad! Huwelik of gesin? Daar is lewe in daardie saad! Jou werk? Daar is lewe in daardie saad!

Net soos wat die Here self in 'n Clivia-saad werk om iets moois na vore te bring, net so werk die Here in ons probleme om iets moois en nuttig na vore te bring. In ons probleme is die Here aan die werk. Ons vra dikwels te midde van swaarkry: waar is die Here? Die Here is *in die probleem*, en Hy is aan die werk in die probleem. Jy kan dit nie sien nie, dis onsigbaar. Uiteindelik kan jy die resultaat sien, maar nie onmiddelik nie.

Sien jou probleme as sade, sade wat uiteindelik 'n mooi blomtuin tot gevolg kan hê.

Hy sal vreugde uit jou trane na vore bring, Hy sal vrede uit jou hartseer na vore bring. Hy sal liefde uit die haatlike optrede van ander na vore bring. Hy sal geduld en goedhartigheid laat uitspruit uit droefheid en frustrasie.

Dit verg egter 'n proses, dit gebeur nie oornag nie. Wat moet ons van ons kant af doen in hierdie proses?

- Sorg dat ons in 'n vrugbare bedding geplant word – die gemeente, versorgingsisteem.
- Sorg dat ons gevoed bly. Bybel, eredienste, sakrament, stiltetyd.
- Bid vir die reën van die Heilige Gees. Net soos wat water die grond sagmaak en maak die Heilige Gees ons harte sag en keer dat dit bitter en verhard raak.

- Trek die onkruid uit. Alles wat in die pad van God se werk kan staan, wat die lewe in Christus vernietig en doodwurg: liefdeloosheid, onvergewensgesindheid, bitterheid, selfsugtigheid ens.
- Waak teen insekte en swamme: onproduktiewe gewoontes, verkeerde gedragspatrone, ongesonde lewenstyle ens.
- Berei voor vir die oes / vrug: God is aan die werk in ons probleme en die vrug of die oes sal nie uitbly nie. Paulus sê: *Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel.* (Galasiërs 6:9)

Swaarkry en probleme is nooit aangenaam nie. Maar die Here is aan die werk in ons probleme. Net soos wat Hy nuwe lewe kan wek uit ‘n saak uit, is ons probleme en swaarkry sade waaruit God iets wat mooi is kan laat voorspruit. Ons moet egter deel wees van die proses.

‘n Slotwoord:

Die vrug van swaarkry, die lesse wat ons leer, die wysheid insig wat ons kry, is bedoel om gedeel te word. Blomme is bedoel om gegee te word vir ander mense wat swaarkry. Wanneer jy deur ‘n seisoen van swaarkry gegaan het, gee die blomme wat daaruit voortgekom het weg. Help ander wat deur ‘n soortgelyke krisis gaan.